Memo



# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Subject** | **AFRIKAANS** | **Examiner** | **MRS McGONNELL** |
| **Date** | **10 JUNE 2016** | **Total marks** | **45** |
| **Session** | **2** | **Duration** | **90 MINUTES** |
| **Grade** | **4** | **Moderator** | **MEV W PIENAAR** |
| **Special instructions/ Equipment** | **INSTRUKSIES:**<br>1. Beantwoord al die vrae in die oop spasies op die vraestel.<br>2. Beantwoord al die vrae in vol sinne, waar nodig.<br>3. Gebruik netjiese skrif.<br>4. Punte sal afgetrek word vir nalatige spelfoute.<br>5. Skryf asseblief in blou pen.<br>6. Sterkte en geniet dit. | | |

**This Afrikaans Exam has been compiled using notes and information contained in the Tom Newby School book. The marking memorandum has been compiled accordingly. While alternative responses will be given due acknowledgement, the official memorandum will be considered a priority document to ensure uniformity of marking. Up to 10% of the total mark allocation may be deducted for spelling and grammatical errors, except in the case of Language papers, where deductions are made according to a memorandum.**

**Naam en Van:** ______________________________ **Graad: 4**______

## AFDELING A

### VRAAG 1

**Lees die storie en beantwoord die vrae. Gebruik die woordeskat om jou te help.**

| | |
|---|---|
| Vertrek – room | Soms – sometimes |
| Nagereg – desert | Kaste – stands |
| Rakke – shelves | Skottelgoed – dishes |
| Hoort – belong | Maklik – easy |
| Kuier – visit | Blikke - tins |

### Die Kombuis

1. Die kombuis is die vertrek waar ons graag kuier. Daar kook **Moeder** ons kos op die groot stoof. Soms bak my suster koek in die oond. Dan is daar altyd 'n pot of 'n pan om uit te lek.
2. Ons koeldrank word in die yskas gehou. Hier bêre my **ma** ook die nagereg of die vrugte wat my **oom** te **tante** elke week van die plaas af bring.
3. Die rake is vol blikke. Daar is blikke vir rys, suiker, meel, tee, koffie en sout.
4. 'n **Seun** hou nie van skottelgoed was nie. "Dis mos 'n **dogter** se werk," sê **Vader** altyd. Die messe, vurke en lepels is ook te klein vir 'n seun se groot hande.
5. My **pa** sê dat mans nie in 'n kombuis hoort nie. Ek help hom darem as hy die kaste moet verf.



**A. Antwoord in vol sinne.**

1. Waar kuier ons graag?

Ons kuier graag in die kombuis.

**(2)**

2. Wie bak koek in die oond?

My suster bak koek in die oond.

**(2)**

3. Waar word die koeldrank gehou?

Die koeldrank word in die yskas gehou.

**(2)**

4. Waarvandaan bring my oom en tante die vrugte?

My oom en tante bring die vrugte van die plaas af.

**(2)**

5. Waarvan hou 'n seun nie?

'n Seun hou nie van skottelgoed was nie.

**(2)**

**(10)**

**B. Is die sinne waar of onwaar.**

1. Daar is altyd 'n pot of 'n pan om uit te lek.

Waar

2. Vader help om die skottelgoed te was.

Onwaar.

3. My oom en tante bring vrugte vir ons elkedag.

Onwaar.

4. Hy help sy pa om die kaste te verf.

Waar.

5. Die rake is vol koek.

Onwaar.

**(5)**

**C.** Wat is in die blikke?

rys suiker

meel tee.

koffie sout.

( )

**(5)**

## VRAAG 2

### 1. Lees die gedig



**DIE TEEPARTY**

Die poppe hou 'n teeparty
Hulle lyk so vrolik en so bly
Maar Boefie Beer
Se hart voel seer
Al is die tafel mooi gedek
Is daar nie eers vir hom 'n plek

Watter woorde in die gedig rym. Skryf die woorde lanks mekaar.

| | |
|---|---|
| tee-party | bly. |
| Beer | seer |
| gedek. | plek. |

**(6)**

### 2. Onderstreep die regte antwoord

a. Boefie Beer se hart voel seer want (daar is nie kos nie, daar is nie eers vir hom 'n plek nie)

b. Die (kinders, poppe, bere) hou 'n teeparty

c. Die poppe lyk (moeg, kwaad, vrokik)

d. Die tafel was (vuil, mooi gedek, gebreek)

**(4)**

**Totaal 30**

---


## AFDELING B
## TAAL

1. **Die volgende woorde is in die storie "Die Kombuis." Skryf nou die meervoude vir elke woord:**

Pot - potte.
Plaas - plase.
Pan - panne.
Mes - messe




**(4)**



2. Skryf die verkleining vir die volgende woorde:

Blik - blikkie
Stoof - stoofie
Rak - rakkie
Plaas - plaasie.

(4)

3. Lees paragraaf 5 in "Die Kombuis" en soek vir vier voornaamwoorde.

a. my
b. ek
c. hy
d. hom.

(4÷2=2)

4. Wat is die teenoorgesteldes (Antonieme) vir die woorde tussen hakies:

a) Die rake is (vol) leeg.
b) Die stoof is (groot) klein.

(2)

5. Skryf die volgende sinne in die ontkennende vorm:

a. 'n Seun hou van skottelgoed was

'n Seun hou nie van skottelgoed was nie.

b. Pa werk in die kombuis

Pa werk nie in die kombuis nie.

c. Die koeldrank is in die yskas

Die koeldrank is nie in die yskas nie.

(3)

**Totaal : 15**

**30 + 15 = 45**